Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 23**

# INVENTARIS VAN DIE
# YSKOR-VERSAMELING

Saamgestel deur: P. Luus

Augustus 2017

Pretoria

**Voorwoord**

Yskor is in 1928 deur Hendrik van der Bijl begin as ‘n staatsorganisasie in terme van die Yster- en Staalwet, No. 11 van 1928. Die maatskappy is begin met die doelwit om yster en ‘n reeks staal produkte te produseer en om werkgeleenthede te skep. Produksie by die Pretoria fabriek het in 1934 begin. Op 4 April 1934 is die eerste staal van die oop-vuurherdoond geput. Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939 – 1944) is daar ‘n grooter aanvraag vir yster en staal. In 1941 het die direkteure besluit dat uitbreiding nodig is en ‘n nuwe staalwerkfabriek in Vereniging is geopen. Die oprigting van ‘n plaatmolen is in 1943 voltooi. Yskor het in 1947 handel begin dryf. Na die Tweede Wêreldoorlog is daar besluit om ‘n volle geïntegreerde staalfabriek in Vanderbijlpark te bou. Die bouery het in 1947 begin en op 4 Oktober 1952 is Vanderbijlpark Werke offisiël deur dr. E.G. Jansen geopen.

Deur die jare is baie uitbreidingskemas onderneem en Iskor het op grootmaat gegroei. Op 17 May 1969 het die Suid-Afrikaanse regering besluit om Yskor se derde volle geïntegreerde staalfabriek by Newcastle te bou. Tussen 1972 en 1977 het die grootste uitbreidingsperiode by die Vanderbijlpark fabriek plaasgevind. In die 1970’s en 1980’s het die wêreld se staalindustrië ‘n krisis ondergaan met die wydverspreide resessie wat plaasgevind het. Die resessie het Suid-Afrika ook beïnvloed en die plaaslike aanvraag vir staal het gedaal. In 1982 is Yskor geforseer om die twee oudste hoogoonde by die Pretoria fabriek te sluit, sowel as die “South Works” by Newcastle.

In 1989 het Yskor geprivatiseer. Op 17 Augustus 2004 is Yskor hernoem na Ispat Yskor Limited. In 2005 is dit weer hernoem na Mittal Steel South Africa Limited. Op 25 Junie 2006 het Arcelor aangekondig dat hulle met Mittal Steel Company saamsmelt en bekend sal staan as Arcelor Mittal. Die dokumente in die versameling is nog in ‘n goeie toestand, behalwe die groot plakboek wat besig is om uitmekaar te val.

In Januarie 2021 het ‘n mnr J.A. Nortje 61 foto-albums en 14 verslae en 3 publikasies oor Yscor geskenk. Sy swaer het by Yskor gewerk. Die albums is nog in ‘n goeie kondisie en handel oor Yskor projekte en fabrieke vanaf die 1930’s tot 1980’s.

Bronne:

https://en.wikipedia.org/wiki/Mittal_Steel_South_Africa

http://www.arcelormittalsa.com/Portals/0/The-History-of-ArcelorMittal-South-Africa.pdf

**Inhoudsopgawe** **Bl**

1. Dagboeke 1

2. Geskiedenis 1

3. Verslae/Toesprake/Arbitrasie saak/ 1

4. Foto- albums 2

5. Publikasie en plakboek 15